OosieNUUS

ONS OOSIE WÊRELD

15/2025 **24 April 2025**

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers en Voogde

Ons wil graag begin deur ons waardering uit te spreek vir die uitstekende sportprestasies van ons leerders tydens die onlangse NWU-reeks. Die deelname en resultate in die verskillende sportsoorte was uitstekend en getuig van harde werk, deursettingsvermoë en trots op ons skool.

Intussen wil ons u aandag vestig op die feit dat Kwartaal 2 besonder kort is as gevolg van die verskeidenheid publieke en ander vakansiedae. Ons beskik oor slegs ongeveer 12 akademiese skooldae voordat die eksamen in die middel van Mei begin.

In hierdie beperkte tyd moet personeel en leerders baie intensief werk om op datum te bly met die kurrikulum. Ons doen dus ’n dringende beroep op ouers en leerders om te verseker dat daar geen onnodige afwesigheid of uitteken gedurende hierdie tyd sal wees nie. Ons versoek dat alle leerders, veral ons graad 12-leerders, hierdie tyd sal benut om verlore tyd in te haal.

Die komende eksamen is van groot belang, en elke onderrigdag dra by tot goeie voorbereiding en uiteindelike sukses.

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Oos-Moot groete

Me S Theron
HOOF

BELANGRIKE DATUMS EN KONTAKBESONDERHEDE

Belangrike datums

Die 2025 dagboekaktiwiteite is in die leerders se dagboeke beskikbaar sowel as op die skool se webwerf. Let wel: datums van aktiwiteite kan verander as gevolg van omstandighede.

BELANGRIKE DATUMS

- 28 April tot 2 Mei : Oosie Klerewinkel gesluit
- 5 Mei : Ekstra uur vir matrieks begin (sien datums op volgende bladsy)
- 14 Mei : OPEDAG
- 16 Mei : Hartklopfees (kaskar/potjie) is geskuif na 20 Junie
- 19 Mei : Eksamen begin
- 24 Mei : Sagtebalproewe geskuif na 31 Mei
- 30 Mei tot 11 Junie : Graad 12 Winterskool (verpligtend)

Kontakbesonderhede van bestuur en graadvoogde

Kontakbesonderhede is op die skool se webwerf beskibaar.

PUBLIEKE EN SPESIALE SKOOLVAKANSIEDAE

Die skool is gesluit op die volgende publieke en skoolvakansiedae:

27 April	:	Vryheidsdag
28 April	:	Publieke vakansiedag
29 April	:	Skoolvakansiedag
30 April	:	Skoolvakansiedag
1 Mei	:	Werkersdag
2 Mei	:	Skoolvakansiedag

PERSONEEL

Ons groet

Ons neem afskeid van me A du Plessis, 'n gewaardeerde personeellid wat 'n nuwe hoofstuk by Akademia aanpak. Ons bedank haar opreg vir die tydperk wat sy deel van ons Oosie-personeelkorps was en vir haar waarde-volle bydrae tot ons akademie, sowel as die verskeie ander aktiwiteite waarin sy betrokke was.

Mag hierdie nuwe geleentheid vir haar net voorspoed en vervulling inhou – ons wens haar alles van die beste toe vir die pad vorentoe.

Provinsiale aanstelling - Hokkie

Ons gelukwense aan me L Steyn (Hokkie organiseerder) wat aangestel is as die Southern Gauteng o.16A-dogters se spanbestuurder vir die Nasionale Toernooi wat in Junie by Hilton College plaasvind.

SKOOL VERDAAG VROEG OP 25 APRIL - TOETSDAG

Die skoolbestuur het besluit om op **Vrydag, 25 April** die skool **om 12:45** te laat verdaag. Hierdie vergunning word gemaak om ouers wat vir die naweek of vir die vakansie weggaan, tegemoet te kom. Die toetsperiode sal aan die einde van die skooldag wees en ouers word versoek om nie hul kinders vroeg te kom uitteken nie.

Baie dankie vir u samewerking.

OPDATERING VAN OUERS EN LEERDERS SE KONTAKBESONDERHEDE EN INLIGTING

Ons wil graag die erns ten opsigte van die opdatering van ouers en leerders se kontakbesonderhede en inligting onder u aandag bring.

Dit is die ouer of voog se verantwoordelikheid om die skool onmiddellik in kennis te stel van enige verandering in kontakbesonderhede, asook van enige gesondheidsuitdagings wat hul kind mag hê (soos allergieë, mediese toestande of medikasie wat gebruik word).

Hierdie inligting is nie net noodsaaklik om die leerder se welstand te verseker en toepaslike ondersteuning in plek te hê nie, maar is ook van kritieke belang in gevalle van nood.

Sonder die korrekte kontakbesonderhede en relevante gesondheidsinligting is dit vir die skool onmoontlik om betyds op te tree, die leerder by te staan of die ouers/voog te kontak.

AKADEMIE

Graad 12 Ekstra skooluur

Ons herinner graag ons graad 12-leerders en ouers aan die ekstra skooluur vir ons graad 12-leerders. Die datums vir die onderskeie sleutels is in die tabel hieronder uiteengesit.

Om hierdie inisiatief sinvol te laat slaag, vra ons vir die volle samewerking van ons matrikulante en hul ouers. Gedurende hierdie tydperk sal daar geen ander buitemuurse aktiwiteite vir die matrikulante wees voordat die ekstra skooluur om 15:00 afgehandel is nie. Leerders is verplig om dit by te woon aangesien ons besig is met die voltooiing van die sillabus.

Die tye is soos volg

Datums	**Sleutel (*Key*)**	**Tyd**
5 Mei	6	14:00 – 15:00
6 Mei	5	14:00 – 15:00
8 Mei	4	14:00 – 15:00
12 Mei	3	14:00 – 15:00
13 Mei	2	14:00 – 15:00
15 Mei	1	14:00 – 15:00

Mei/Junie eksamen

Die Mei/Junie eksamen begin soos volg vir die onderskeie grade:

<u>Graad 10 tot 12</u>

- 19 Mei – praktiese eksamens begin.
- *Belangrik*: Leerders wat nie by die praktiese eksamens betrokke is nie, gaan steeds normaal skool (normale akademiese rooster).
- 22 Mei – eksamen begin.

Graad 8 en 9
- 2 Junie – eksamen begin
- *Belangrik*: Die graad 8- en 9-leerders gaan normaal aan met akademiese onderrig tot en met 30 Mei.

Eksamenrooster
Die eksamenrooster word op Vrydag, 25 April, in harde kopie aan die leerders uitgegee en is op die skool se webwerf beskikbaar. (Sien Aanhangsel A van die nuusbrief)

Graad 12 Winterskool

Die Graad 12 Winterskool is 'n jaarlikse instelling by Hoërskool Oos-Moot en vorm 'n belangrike deel van ons matrieks se voorbereidingsproses vir die finale eksamen. Hierdie tydperk bied leerders die geleentheid om in 'n gefokusde en ondersteunende omgewing aan hul akademiese vordering te werk. Die winterskool vind gedurende die Mei/Junie-vakansie plaas en is **verpligtend vir alle Graad 12-leerders**. Die lys van vakke wat aangebied word, sal met leerders gekommunikeer word.

Datum : 30 Mei tot 11 Junie
Koste : R300 per leerder

Let wel: Die koste per leerder word gebruik vir die druk van oefenvraestelle, studiemateriaal en ander hulpmiddels wat vir die leerders voorberei en voorsien word. Personeel wat klasse aanbied word nie vergoed uit hierdie koste nie.

'n Formele skrywe met volledige inligting sal binnekort uitgegee word. Ons sien daarna uit om hierdie waardevolle akademiese ondersteuning saam met ons matriekgroep van 2025 aan te pak.

Graad 10 Veldskool

Die graad 10-leerders gaan jaarliks op 'n Veldskool. Ons wil graag dat AL die graad 10-leerders die veldskool bywoon. 'n Skrywe in hierdie verband is reeds in Januarie in harde kopie aan leerders uitgegee. Die skrywe is by die volgende skakel (webwerf) beskikbaar.

Datum : 27 tot 29 Augustus 2025
Plek : Kwaggasrus (30 km anderkant Brits).
Koste : R1100-00 per leerder (sluit in verblyf, vervoer, 6 etes, twee nagte se gebruik van veldskoolfasiliteite).

Vir finansiële reëlings en vrae stuur asseblief 'n e-pos na me A Jacobs (finansies@oos-moot.co.za). 'n Reëling moet met die finansiële kantoor getref word, sodat u oor die volgende maande die bedrag in paaiemente kan vereffen. Die volle bedrag moet asseblief teen 30 Junie inbetaal wees. Volledige inligting is in die skrywe vervat.

SKOOLDRAG – WINTER (1 MEI)

Wintersdrag

Die koue begin stadig maar seker naderkruip en ons vra dat ouers en leerders hul asseblief sal vergewis van die skoolreëls rakende skooldrag en voorkoms. Ons wys graag die volgende belangrike punte uit:

- Geen sweetpakbaadjies saam met skooldrag word toegelaat nie. Sweetpakbaadjies sal volgens die gedragskode gekonfiskeer word, en die leerder sal dit eers aan die einde van die skooldag terugkry.
- Leerders mag nie Oosiedrag of tekkies skool toe dra nie.
- Leerders begin **amptelik met wintersdrag op 1 Mei 2024**. In die winter dra die leerders OF 'n skoolbaadjie (blazer) OF 'n trui en 'n skoolbaadjie (blazer), maar nie net 'n trui alleen nie.

Skenking van skoolbaadjies

Die winter is oppad en daar is 'n tekort aan skoolbaadjies in die klerebank vir ons mindergegoede leerders. Indien 'n skoolkleurbaadjie wat te klein is vir u kind in die kas hang en stof vergaar, versoek ons dat u dit aan die skool skenk.

Omgee is om te gee sonder om eers daaraan te dink of die persone wat dit ontvang, dit verdien.

Oosie Klerewinkel

Die klerewinkel is gesluit vir die week van 28 April tot 2 Mei. Die katalogus met die nuutste pryse vir skooldrag is op die webwerf beskikbaar. (Sien ook Aanhangsel B van die nuusbrief).

JOU MENING MAAK SAAK! – U ERVARING AS OUER VAN H/S OOS-MOOT

As deel van ons konstante strewe na uitnemendheid wil ons graag die stem van die Oosie-gemeenskap hoor.

Die stem van die ouergemeenskap van Hoërskool Oos-Moot is belangrik. Ons het 'n omvattende studie gedoen aangaande al die aspekte wat u as ouer en u kind(ers) raak en wil graag meer te wete kom oor u verwagtinge en persepsies hiervan. Ons wil u hartlik uitnooi om deel te neem aan hierdie opname aangaande u ervaring as ouer/voog van Hoërskool Oos-Moot.

Vir hierdie doel het ons die dienste van ‘n onafhanklike konsultasiefirma bekom. Ons wil u die versekering gee dat alle inligting wat u in hierdie opname deel uiters vertroulik hanteer sal word. Verder wil ons u die waarborg gee dat u terugvoer op hierdie vrae anoniem is en dat dit geensins aan u eie of u kind se identiteit gekoppel kan word nie. Ons moedig u dus aan om so eerlik as moontlik op elkeen van hierdie stellings te reageer.
Volg asseblief hierdie skakel vir die opnamevorm. Ons bedank u byvoorbaat vir u bereidwilligheid om deel te neem aan hierdie opname.

“PODCASTS” (POTGOOIE)

Ons is opgewonde om aan te kondig dat Hoërskool Oos-Moot nou ook sy eie *podcast*,**Tee-tyd**, aanbied!

’n Podcast is soos ’n aanlyn radio-uitsending wat jy enige tyd kan luister – in die kar, by die huis of sommer net tydens ’n rustige oomblik. Tee-tyd bring vir jou geselsies oor skoolnuus, interessante gebeure, en onderhoude met ons leerders en personeel. Dis ’n lekker informele manier om ingelig en betrokke te bly by alles wat by Oosie aan die gang is. Moet dit nie misloop nie – maak tyd vir Tee-tyd!

SLUIT AAN BY “MY SCHOOL” – ONDERSTEUN OOS-MOOT SONDER OM EKSTRA TE BETAAL

Ouers wat reeds aangesluit het

Baie dankie aan die ouers wat reeds aangesluit het by “MY SCHOOL”. Regs is ‘n opsomming van die aflope twee maande se inkomste uit u aankope.

Sluit NOU aan!

Ouers het jy geweet dat jy Hoërskool Oos-Moot kan ondersteun elke keer as jy inkopies doen – en dit kos jou nie 'n sent ekstra nie?

MySchool MyVillage MyPlanet is een van Suid-Afrika se grootste fondsinsamelingsprogramme. Wanneer jy jou **MySchool-kaart** gebruik by deelnemende winkels soos Woolworths, Loot.co.za, Builders en meer, skenk daardie winkel ‘n persentasie van jou aankoopbedrag direk aan die skool van jou keuse.

Dis eenvoudig:

- Registreer gratis by www.myschool.co.za
- Kies **Hoërskool Oos-Moot** as jou begunstigde
- Gebruik jou kaart (fisies of digitaal) wanneer jy by deelnemende handelaars inkopies doen.



Elke bydrae, hoe klein ook al, help ons om beter hulpbronne, toerusting en geleenthede vir ons leerders te skep. Help ons bou aan 'n sterker toekoms vir ons kinders – sonder enige ekstra koste vir jou!

NUWE SEKURITEITSDIENS BY OOS-MOOT

Na afloop van ’n deeglike tenderproses is die sekuriteitsmaatskappy **ProShield** vir ’n termyn van drie jaar as Hoërskool Oos-Moot se voorkeurverskaffer vir sekuriteitsdienste aangestel. Ons glo dat ProShield se professionele diens en toewyding aan veiligheid tot voordeel van ons hele skoolgemeenskap sal wees.

Ouers en belangstellendes wat meer inligting oor ProShield wil hê of hul wil kontak kan die skakel volg (Sien ook hul advertensie onder nuusbriefadvertensies).

SOSIAAL

Graad 11 bal

Ons is opgewonde om aan te kondig dat Hoërskool Oos-Moot hierdie jaar 'n nuwe tradisie gaan vestig, naamlik 'n formele Graad 11-bal.

Doel van die bal

- Om fondse in te samel wat spesifiek aangewend sal word vir die huidige graad 11-leerders se Matriekafskeid in 2026.
- Om leerders voor te berei vir die Matriekafskeid deur hulle bekend te stel aan die formaat en etiket van 'n formele funksie.

Datum	:	26 Julie 2025
Plek	:	Hoërskool Oos-Moot skoolsaal
Tyd	:	17:30 vir 18:00 tot 22:00
Kleredrag	:	Formeel (soos vir Valentynsbal)

’n Formele skrywe, met volledige inligting is aan die leerders uitgegee en is op die webwerf beskikbaar.

SPORT

In die nuusbrief sal slegs veranderinge en belangrike inligting ten opsigte van ’n sportsoort uitgelig word. Bepalings, oefentye, programme en uitslae van die onderskeie sportsoorte sal op die skool se webwerf geplaas word (soos dit ontvang word).

Belangrike inligting vir sportbyeenkomste te Hoërskool Oos-Moot

Toegang en toegangsgelde

- Streng toegangsbeheer sal toegepas word.
- Alle toegangshekke is **KONTANTLOOS**
- Kaartjieverkope sal slegs by die hekke plaasvind en kan via ‘n debiet-/kredietkaart aangekoop word.
- Volwassenes : R20 per persoon
- Voertuie : R30 per voertuig (sluit bestuurder in)
- Leerders in gewone drag : R10 per persoon
- Leerders in skooldrag : GRATIS
- Kinders onder die ouderdom van 12 jaar : GRATIS

Toeskouers

Rugbyvelde en netbalbane

- Toeskouers moet te alle tye op die pawiljoene sit en mag onder geen omstandighede langs die velde stelling inneem nie.
- Geen persoon mag die versperrings rondom die velde oorsteek of tussen die netbalbane beweeg of staan nie.

Hokkie

- Toeskouers is welkom om gazebo’s, stoele en piekniekkomberse vir die graswalle te bring.
- Geen toeskouers word by die astrohuis en tegniese area by die grasvelde toegelaat nie.

Aankoms van toeskouers, spelers en toegewysde hekke

Rugbyvelde en netbalbane

- Daar is beperkte parkering beskikbaar binne die sportterrein.
- Toegang kan tot die terrein verkry word vanaf die 31ste of 32ste laan hekke.
- Busse laai die leerders by enige van die hekke in 31ste of 32ste laan af en parkeer by die Pieter Human parkie op die hoek van 32ste- en Cunninghamlaan, Villieria.

Hokkie

- Maak gebruik van die hoofingang in Haarhoffstraat om by die astrobaan te kom.
- Daar is parkering langs die astrobaan.

Veiligheid en sekuriteit

- Alle redelike maatreëls word getref om verlies van eiendom te voorkom, maar die skool neem geen verantwoordelikheid indien dit wel plaasvind nie.
- Motor- en sekuriteitswagte is aangestel om behulpsaam te wees.
- Volgens wetgewing, sal **geen drankgebruik** toegelaat word nie en die reg van toegang-beginsel sal geld.
- Hoërskool Oos-Moot is ‘n **rookvrye area**. Die reg van toegang-beginsel sal geld.
- **Geen troeteldiere** word op die skoolterrein toegelaat nie.
- **Geen vuurwapens** word op die skoolterrein toegelaat nie.
- Indien die reëls en regulasies verontagsaam word, sal die sekuriteit u vra om die perseel te verlaat.

Gedragskode vir ouers, leerders en ondersteuners

- Ondersteun altyd met ’n positiewe gesindheid vanaf die aangewese areas.
- Wees verdraagsaam teenoor spelers, bestuurslede en mede-toeskouers.
- Soos spelers met dissipline speel, verwag ons gedissiplineerde ondersteuning.
- Moet nooit ’n afrigter of skeidsregter voor ’n speler of mede-ondersteuner kritiseer nie.
- Motiveer u kind om die oefeninge by te woon.
- Indien u ’n negatiewe opinie of opmerking ten opsigte van ’n skeidsregter/afrigter het, hou dit vir uself en vergewis u van die betrokke reëls/omstandighede alvorens u ’n mening lug en dan met respek.
- Om ’n goeie voorbeeld vir u kind te wees, het beslis meer voordele as nadele.
- Die gebruik van ALKOHOL LANGS DIE SPORTVELD IS STRENG VERBODE, beklemtoon ook aan u kind dat alkohol enige sportman se toekoms negatief beïnvloed.

- ❖ Ontwikkel die sportmangees van u kind.
- ❖ Moenie sportpolitiek stig of bedryf nie.
- ❖ Geen ouerinmenging by spankeuses word aanvaar nie en sal beslis nie geduld word nie.
- ❖ Onthou ondersteuning hou verband met die opheffing van u kind en die spanne en nie die aftakeling van die opponent nie – fokus dus daarop.

Onderwerp u ten alle tye aan die reëls wat geld vir die betrokke wedstryd/toernooi en bly, soos u kind, 'n student van die spel.

Hokkie

Kontak
Die organiseerder kan per e-pos by hokkie@oos-moot.co.za gekontak word.

Kommunikasie
Ouers hoef slegs by die betrokke ouergroep aan te sluit, die spelers het hul eie groepe. Skakel na WhatsApp-groepe

Oefentye
Die **NUWE** oefenskedule vir die tweede kwartaal is op die webwerf beskikbaar. Daar word 'n standaard oefenskedule gevolg. Enige afwykings op die oefentye vir die spanne sal op die WhatsApp-groepe en op die webwerf gedeel word.

Wedstryde en programme (Programme word geplaas soos ontvang)

- 23 April: Seuns Northernsliga vs Midstream, tuis
- 25 April: Dogters Northernsliga vs Sutherland, weg

  Reëlings vir wedstryde teen Sutherland (25 April)
  Belangrik:
  Alle spelers moet met die bus vertrek na Sutherland.
  Spelers moet hulle afrigters in kennis stel indien hul nie met die busse terugkom nie.
  - ➢ Bus 1 (o.14A, o.14B en 2des)
    - ❖ Spelers wat met die bus terugkom kan hulle tasse in mej M Stolp se klas los (T6).
    - ❖ Vertrek 13:00 na Sutherland
    - ❖ Arriveer ongeveer 17:30 terug by die skool, afhangende van die naweekverkeer.
  - ➢ Bus 2 (o.16A, o.15A, o.15B, 1stes (L Steyn, L Matthee, B Gouws)
    - ❖ Spelers wat met die bus terugkom kan hulle tasse in me L Steyn se klas los (K102).
    - ❖ Vertrek 14:00 na Sutherland .
    - ❖ Arriveer ongeveer 20:00/20:15 terug by die skool, afhangende van die naweekverkeer.

Datum	Liga	Plek
5 Mei	Seuns - Noordvaalliga vs Eldoraigne (A)	Tuis
7 Mei	Seuns – Northernsliga vs Zwartkop (B)	Tuis
13 Mei	Dogters – Northernsliga vs St Mary's (B-spanne kan moontlik weg speel)	Tuis
15 Mei	Dogters – Northernsliga vs PGHS (B-spanne kan moontlik weg speel)	Tuis
17 Mei	Dogters – Northernsliga vs Cornwall (B-spanne kan moontlik weg speel)	Tuis

Netbal

Wedstryde (Program)
Datum : 23 April
Teenstander : H/S Eldoraigne
Plek : Tuis

Oosie Junior Hokkie

Inligting is op die webblad beskikbaar.

Rugby

Wedstryde (Program)
Datum : 23 April
Teenstander : HTS Middelburg
Plek : Tuis

Sagtebal

Proewe
Datum : Geskuif van 24 Mei na 31 Mei

Tafeltennis en Tennisliga

Bepalings is op die onderskeie webbladsye beskikbaar.

- Tafeltennis
- Tennis

KULTUUR

Kultuur ouerondersteuningsgroep

Die Kultuurkantoor nooi ouers uit om deel te word van ons kultuurouergroep! As jy 'n passie het vir kultuur en graag wil help met projekte soos die herstel van gordyne in die saal of ander kreatiewe inisiatiewe, sluit gerus by ons aan. Jou ondersteuning maak 'n verskil! Teken in via die skakel.

Kontakbesonderhede

Die e-posadres vir ons Visehoof: Kultuur is kultuur@oos-moot.co.za.

ATKV Taaltoktokkies - Voortrekkermonument

Die ATKV-tak van die skool reël 'n uitstappie na die Voortrekkermonument ter viering van die Afrikaanse Taal wat hierdie jaar 100 jaar 'n amptelike taal is. Almal is welkom.

Datum	:	8 Mei 2025
Tyd	:	Vertrek 13:00 en terug by die skool teen ongeveer 18:00.
Koste	:	R20,00 per leerder (sluit begeleide toer met toergids in).
Betaling	:	Finansieskantoor
Kleredrag	:	Amptelike skooldrag

'n Skrywe met volledige inligting word in harde kopie aan die leerders uitgegee en is op die skool se webwerf beskikbaar.

Feitevrate

Die Feitevrate nooi alle Oosies uit na ons "quiz night" vasvrakompetisie!

Datum	:	7 Mei 2025
Tyd	:	17:00
Plek	:	Personeelkamer
Koste	:	R50 vir 'n span van 4.
Inskrywings open	:	14 April in K97.

Daar is kontantpryse op die spel, so bring jou algemene kennis en kom geniet 'n heerlike aand saam met die Feitevrate span!

Koskasprojek

Die kosprojek hou 'n insameling vir ons minder bevoorregte Oosies en hul gesinne.

Die volgende nie-bederfbare items kan by die leerders se vooogonderwysers ingehandig word, vanaf 14 April tot 16 Mei.

Graad 8	Lekkernye, jellie, koekies
Graad 9	Pasta of rys
Graad 10	Soppe of souse
Graad 11	Koffie, tee of suiker
Graad 12	Enige blikkieskos

Die drie voogklasse wat die meeste nie-bederfbare produkte insamel, sal 'n verrassing ontvang na die insameling, so ook sal elke leerder wat 'n bydra gemaak het, positiewe punte ontvang.

By voorbaat wil die Kosprojek Komitee dankie sê vir alle bydraes.

Tienertoneel

Die Tienertoneel is tydens kwartaal 2 besig om hard te werk aan die kompetisies wat in Kwartaal 3 plaasvind. Ons is besig om die inskrywings te finaliseer en sal binnekort die finale datums en tye aan die betrokke leerders kommunikeer. Let asseblief dat oefeninge tydens die Junie-eksamen ook sal voortgaan.

Datum	Plek	Tyd
28 Aplril	OPENBARE VAKANSIEDAG	Geen oefening
30 April	SKOLE VAKANSIEDAG	Geen oefening

GELUKWENSE

Baie geluk aan al ons atlete, spelers, deelnemers wat uitstaande prestasies lewer. Jul opoffering, harde werk en deursettingsvermoë word in jul prestasies gereflekteer. Ons Oosies is ongelooflik trots op almal, van die deelnemers tot die presteerders. (*Prestasies word geplaas soos ontvang*.)

HENGEL: 2025 is 'n besondere jaar vir die hengelspan. Die 1ste hengelspan het tweede in die liga geëindig en is, vir die eerste keer in die geskiedenis van Oos-Moot, gekies vir die Suid-Afrikaanse Hengelkampioenskappe. Die dogters staan nie terug wanneer dit by visvang kom nie en Tracey Lee Hanekom behaal die tweede plek in die B-afdeling vir meisies.

NETBAL: Aretha de Beer en Kathleen Taljaard het op 20 Maart 2025 (tydens die NWU-reeks) hul 50ste wedstryd vir die Oosie eerstespan gespeel. Hul is sedert 2023 lid van die hierdie span.

SKAAK: Tydens die 2025 NWU-reeks verower die skaakspan die silwermedalje en twee van ons spelers, Bonicia du Toit (gr.11) en Ryan Berry (gr.9) word aangewys as bordwenners. Ons skaakspan: Eduan Wolfaardt, Bonicia du Toit, Henri Coetzee, Tiaan Stolp, Steven Acker, Nathen van Deventer, Ryan Berry, Larochelle Jordaan, Charne Raubenheimer en Johannes le Roux. Afrigter – Christaan Linde. Lees die artikel in die Citizen

OPEDAG – GRAAD 8'S 2026

Kom kyk wat Hoërskool Oos-Moot vir jou kind kan bied!

Ons sien uit daarna om alle belangstellende **graad 7-leerders** en hul ouers te verwelkom. Dis die ideale geleentheid om 'n kykie te kry in ons unieke skoolkultuur, vakkeuses, sport-, kultuuraktiwiteite en spesiale programme – alles wat Oos-Moot só 'n besondere plek maak.

Registreer NOU!

Aangesien daar beperkte plek per sessie beskikbaar is, moedig ons ouers aan om **so gou moontlik te registreer** om teleurstelling te voorkom. Laat jou kind se hoërskoolreis begin by ons omgeeskool waar ons potensiaal ontwikkel en saam 'n toekoms wil bou met ons kinders in die Moot. ***Kliek op die advertensie hieronder om te registreer.***

FONDINSAMELINGSPROJEKTE

Afgehandelde en beplande fondsinsamelingsprojekte vir 2025		
Datum	**Projek**	**Ten bate van**
April	Koskas Kosinsameling	Kosprojek
20 Junie	Kaskar & Potjie	
25 Julie	Winterkonsert (Orkes)	Orkes
26 Julie	Gr11-bal	Matriekafskeid 2026
9 Augustus	Colour Run	
12-16 Augustus	Revue	Kultuur
18 September	Knipmes-aand	Sportsentrum
17 Oktober	Lentebal	Kultuur
7 November	Gys Pitzer Gholfdag	Sportfonds

Pasteie

Vanaf 14 April tot 2 Mei sal die bestellings vir die bevrore pasteie weer oop wees. Die fondse word aangewend vir die aankoop van lugversorgers vir die skoolsaal.

Dit word hierdie keer elektronies hanteer en 'n bewys van betaling moet asseblief u bestelvorm vergesel voordat u bestelling verwerk sal word. Pasteie sal in die daaropvolgende week uitgedeel word (dag en tyd sal bevestig word).

Die verskillende bevrore pasteie wat teen R220 per dosyn bestel kan word is die volgende:
* Sausage Roll
* Cornish
* Steak and Kidney
* Salami and Cheese
* Chicken Mayo
* Chicken
* Pepper Steak

Volg die volgende skakel om u bestellings te plaas:
Let wel: VULSELS KAN NIE GEMENG WORD NIE

Vir enige navrae, kontak gerus vir Me Bouwer by kultuur@oos-moot.co.za.

BUITEPRESTASIES

Hoërskool Oos-Moot het nog altyd trots erkenning gegee aan ons leerders se prestasies, beide binne en buite die skool. Om erkenning op 'n meer gestruktureerde manier te gee, het ons 'n paar riglyne opgestel oor watter buiteprestasies ons op ons platforms sal deel. Navrae kan gerig word aan me C Meyer (bemark@oos-moot.co.za).
Skakels
Kliek op die spesifieke blokkie vir die Google vorm.

KOMPETISIE

PicknPay Waverley het hierdie jaar weer hul jarelange aankoopstrokie kompetisie vir skole in die MOOT geloods. Ondersteun ons skool asseblief en plaas u PnP Waverley aankoopstrokie in die houer gemerk OOS-MOOT.

ONS BORGE – BAIE DANKIE

Belangrike Kennisgewing: Borgskappe
Ouers en leerders word vriendelik versoek om eers 'n amptelike skrywe by die skool te verkry (by die onderskeie organiseerders van ons skoolaktiwiteite) voordat hulle 'n borg nader. Ons borge ontvang talle versoeke, en ons wil hierdie proses beter bestuur om hulle tegemoet te kom. Dankie vir julle samewerking.

ADVERTEER IN DIE NUUSBRIEF

Daar is geleentheid om in die skool se nuusbrief te adverteer.

- Die nuusbrief word weekliks elektronies, per e-pos via die skool se d6-sisteem, aan die ouers (2200+), personeel (108) en al ons leerders (1500+) gestuur.
- Die nuusbrief word weekliks op die webwerf geplaas waar dit vir die hele jaar beskikbaar is.

Indien u belangstel volg asseblief hierdie skakel vir die pryse en vorm of kontak me M Senekal (webblad@oos-moot.co.za).

AANHANGSEL A

Hoërskool Oos - Moot

EKSAMENROOSTER: Mei - Junie 2025

	WEEK	DATUM	SESSIE	GRAAD 8	GRAAD 9		GRAAD 10	GRAAD 11		GRAAD 12
							VERPLIGTE SKOOL BYWONING MA(19/05) - WO(21/05) Gr 8 - 12			VERPLIGTE SKOOL BYWONING
Gr8 - 9 7:25 - 13:00	WEEK 1	19 Mei (Ma)	1	Normaal Skool		Gr 10 - 11 Sessie 1: 7:30 - 11:00 Sessie 2: 11:00 - 14:30	IT Prakties (2)	IT Prakties (3)	Sessie 1: 8:00 - 12:00 Sessie 2: 13:00 - 17:00	IT Prakties (3)
			2							Kuns Prakties (7)
		20 Mei (Di)	1				RTT Prakties (2)			Kuns Prakties (7)
			2				RTT (2)/Kuns (5) / Ontwerp (5) Prakties			
		21 Mei (Wo)	1				Kuns (5) / Ontwerp (5) Prakties	RTT Prakties (2)		Kuns Prakties (7)
			2							
		22 Mei (Do)	1				Eng FAL P2 (2)	Besigheidstudies V1 (2)		RTT Prakties (3) / Kuns Prakties (7)
			2							
		23 Mei (Vr)	1				LW (2.5) / Ekonomie V1 (1.5)	Wiskunde V1 (2) / Gelet V1 (1.5)		Afrikaans V1 (2)
			2					IGO V1 (2.5)		

	WEEK	DATUM	SESSIE	GRAAD 8	GRAAD 9		GRAAD 10	GRAAD 11		GRAAD 12
Gr8 - 9 7:25 - 13:00	WEEK 2	26 Mei (Ma)	1	Normaal Skool		Gr 10 - 11 Sessie 1: 7:30 - 11:00 Sessie 2: 11:00 - 14:30	Wisk V1 (1.5) / Gelet V2 (1)	Wiskunde V2 (2) / Gelet V2 (1.5)	Sessie 1: 8:00 - 12:00 Sessie 2: 13:00 - 17:00	*Eng FAL P2 (2)*
			2							*RTT Teorie (3)*
		27 Mei (Di)	1				Besigheidstudies V1 (1.5)	Eng FAL P2 (2)		*IGO V1 (3)*
			2							*LO (2,5)*
		28 Mei (Wo)	1				RTT Teorie (2)	RTT Teorie (2)		*Geografie V1 (3)*
			2							
		29 Mei (Do)	1				Afrikaans V1 (2)	Afrikaans V2 (2,5)		*Afrikaans V2 (2,5)*
			2							
		30 Mei (Vr)	1				FW V1 (2)	FW V1 (2)		*Rekeningkunde V1 (2)*
			2				FW SBA (1)	Afrikaans V1 (2)		*LW SBA (1)*

	WEEK	DATUM	SESSIE	GRAAD 8	GRAAD 9		GRAAD 10	GRAAD 11		GRAAD 12
Gr8 - 9 7:25 - 11:00	WEEK 3	02 Junie (Ma)	1	NW (1.5)	Wisk V1 (1,5)	Gr 10 - 11 Sessie 1: 7:30 - 11:00 Sessie 2: 11:00 - 14:30	FW V2 (1)	FW V2 (1)	Sessie 1: 8:00 - 12:00 Sessie 2: 13:00 - 17:00	*Verbuikers (3) / Gasvryheids Teorie (3)*
			2							*Kuns Teorie (3)*
		03 Junie (Di)	1	Eng P2 (2)	SW Gesk (1)		IGO (3)	Toerisme (2)		*Toerisme (3)*
			2				Ekonomie V2 (1.5)	Engels FAL P1 (2)		
		04 Junie (Wo)	1	Teg (1.5)	LO (1)		Eng FAL P1 (2)	*Geografie (3)*		*Rekeningkunde V2 (2)*
			2					Kuns Teorie (2)		
		05 Junie (Do)	1	EBW Rek (1)	NW (1.5)		Besigheidstudies V2 (1.5)	Rekeningkunde V1 (2)		*Besigheistudies V1 (2)*
			2							
		06 Junie (Vr)	1	SW V1 Gesk (1)	EBW Besig(1)		*Geografie (3)*	LW (2.5)		*Wisk (3) / WG (2) V1*
			2				LO (2.5)	*Ekonomie V1 (2)*		

	WEEK	DATUM	SESSIE	GRAAD 8	GRAAD 9		GRAAD 10	GRAAD 11		GRAAD 12
Gr8 - 9 7:25 - 11:00	WEEK 4	09 Junie (Ma)	1	Wisk V1 (1)	Afr V2 (2)	Gr 10 - 11 Sessie 1: 7:30 - 11:00 Sessie 2: 11:00 - 14:30	Wisk V2 (1.5) / Gelet V2 (1)	Rekeningkunde V2 (2)	Sessie 1: 8:00 - 12:00 Sessie 2: 13:00 - 17:00	*Wisk (3) / WG (2) V2*
			2					IGO V2 (2.5)		*IT Teorie (3)*
		10 Junie (Di)	1	SW V2 Geo (1)	Wisk V2 (1.5)		*Verbuikers (2) / Gasvryheids Teorie (2)*	LO (2.5)		*Engels FAL P1 (2)*
			2					IT Teorie (3)		
		11 Junie (Wo)	1	Afr V1 (1.5)	Eng P2 (2)		Afrikaans V2 (2)	*Verbuikers (2.5) / Gasvryheids Teorie (2.5)*		*Geografie V2 (3)*
			2							
		12 Junie (Do)	1	EBW Besig(1)	KK (1)		Toerisme (1.5)	Visuele Kuns Teorie (2)		*Besigheistudies V2 (2)*
			2							
		13 Junie (Vr)	1	Wisk V2 (1)	Teg (1.5)		Rekeningkunde (2.5)	Besigheidstudies V2 (2)		*FW V1 (3)*
			2							

	WEEK	DATUM	SESSIE	GRAAD 8	GRAAD 9		GRAAD 10	GRAAD 11		GRAAD 12
Gr8 - 9 7:25 - 11:00	WEEK 5	16 Junie (Ma)	1	**J e u g d a g**						
			2							
		17 Junie (Di)	1	LO (1)	EBW Rek (2)	Gr 10 - 11 Sessie 1: 7:30 - 11:00 Sessie 2: 11:00 - 14:30	IT Teorie (2)	Ekonomie V2 (2) / IT Teorie (3)	Sessie 1: 8:00 - 12:00 Sessie 2: 13:00 - 17:00	*FW V2 (3)*
			2					Kuns Prakties (7)		
		18 Junie (Wo)	1	KK (1)	SW V2 Geo (1)		Visuele Kuns (2) / Ontwerp (2) Teorie	Kuns Prakties (7)		*Ekonomie V1 (2)*
			2							
		19 Junie (Do)	1					Kuns Prakties (7)		*LW (2,5)*
			2							*IGO V2 (2,5)*
		20 Junie (Vr)	1	Afr V2 (1)	Afr V3 (1)		Afrikaans V3 (1)	Afrikaans V3 (1)		*Ekonomie V2 (2)*
			2	***Kaskar***						
		23 - 27 Junie	1	**N o r m a a l S k o o l**						
			2							

Neem Kennis: Vakke met praktiese vraestelle werk op ander tye as die geskrewe vraestelle. Maak asb 100% by die betrokke onderwysers van die sessie tye.

RTT
Gr10
Sessie 1 7:30 - 10:00
Sessie 2 10:30 - 13:00
Gr11
Sessie 1 7:30 - 10:00
Sessie 2 10:30 - 13:00
Gr12
Sessie 1 7:30 - 11:00
Sessie 2 11:00 - 14:30

Kuns
Gr10
2 Sessies (5ure per sessie)
8:00 - 13:00
Gr11
3 Sessies (7ure per sessie)
7:30 - 14:30
Gr12
4 Sessies (7ure per sessie)
7:30 - 14:30

Siektoetse: Gr8 - 12	**Siektoetse met geldige dokterbriewe word die week van *17 - 20 Junie* ingehaal (Sieketoetse word deur graadvoogde gereël)**
Gr12 Winterskool	**Die program begin op Vrydag, 27 Junie. Verdere kommunikasie sal binnekort volg.**

AANHANGSEL B

OOSIE-KLEREWINKEL – KATALOGUS

Let wel: Die winkel is gesluit vanaf 28 April tot 2 Mei 2025

SKOOLDRAG

OM-BLAZ/VAV/

BAADJIE

R 700.00 - R 950.00

GEN-TC/SKRT6P/NV/

ROMPIES

R 240.00 - R 320.00

GEN-SRT/SS/RC/RB/

BLOU HEMP (KNOPIE)

R 190.00 - 230.00

GEN-SHORT/GREY/

GRYS KORTBROEK

R 140.00 - R 240.00

OM-POVER/

PULL OVER

R 210.00 - R 280.00

GEN-TROUSER/GRY/

GRYS LANGBROEK

R 170.00 - R 250.00

GN-TROUSERSLAX/NV/

BLOU LANGBROEK

R 270.00 - R 340.00

OM-JERSEY/

TRUI

R 240.00 - R 310.00

OM-POVER/

PULL OVER

R 215.00 - 290.00

HAIR-E/RIB/NAV-GLD

HAARREKKIES

R 50.00

OM-STT/MABL

SWEETPAK BROEK

R 300.00 -R 370.00

OM-STJ/MABL/

SWEETPAK TOP

R 430.00 - R 500.00

OM-KSC/KNEE/NV/

SYKOUSE

R 90.00

OM-KSC/KNEE/NV/

SEUNS KOUSE

R 60.00

OM-KSC/ANK/NAV

DOGTERS KOUSE

R 55.00

OM-TIE/MATRIC

DAS

R 170.00


Waverley
Wiskunde & Wetenskap
Sentrum
Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.
Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
Rekeningkunde graad 8 tot 12.
Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
Career Direct: Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding
Aanvullende onderrig + Beroeps
- & Vakkeuse toetsing
Marina Stander - 083 259 8913

Youth Ball
Date: 10 May
Time: 18:00-22:00
Venue: Voortrekker monument
Theme: 007
SCAN HERE
•STANDARD TICKET•
Entry to the event
R300
•COUPLES TICKET•
2 standard tickets
2 free pictures at the photo booth
R540
•GROUP TICKET•
4 standard tickets
R1000
Send proof of payment or inquires to youthball.jcc@gmail.com

P
PROSHIELD
SECURITY SERVICES
3rd
BIRTHDAY
Bonanza!
Receive two months complimentary alarm monitoring and armed response service if you join during the month of April & May!
CALL US NOW!
Lientjie van Rensburg
072 215 3434 OR
012 333 7555